

WEES 'N *dienaar* VAN DIE HERE

12 Bybelstudies uit 2 Timoteus om jou te help om soos Timoteus 'n ware dienaar van die Here te word!

Deur die Deputate Jeugsorg van die GKSA

Skrywers: Albert Coetsee en Brahm Robinson
Medewerkers: Karin Bain en Wilna Myburgh

Uitgegee deur die Deputate Jeugsorg van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Eerste Uitgawe: 2019
Gedruk deur Sunnyprint, Centurion

Voorwoord

Hallo jong gelowige

Die belangrikste boodskap wat ons in 2 Timoteus kry is die opdrag om as dienaars te leef. In hierdie brief, wat Paulus aan Timoteus skryf, wys Paulus hom hoe hy as dienaar Jesus Christus nagevolg het. Timoteus kry die opdrag dat hy op dieselfde wyse moet leef.

Dienaarskap begin by die verlossing van die Here. Ons was slawe van die sonde wat tot die ewige dood lei. Met sy kosbare bloed koop Jesus Christus ons uit die slawerny los. Só word jou lewe gered. Van nou af behoort jy nie meer aan jouself nie. Jy is die eiendom van Christus wat jou gekoop het. Daarom moet jy jou lewe leef soos Hy dit van jou vra.

Die wonderlike is dat Jesus Christus reeds die voorbeeld vir ons gestel het. Hy is die Dienaar wat sy lewe afgelê het. Dit is wat Hy van jou ook vra: om as gelowige te dien. Jy moet 'n dienaar wees. Hy gee jou ook sy Heilige Gees, en die nodige krag, om dit uit te leef.

Mag die Here hierdie boekie op so 'n wyse gebruik dat jy as dienaar jou lewe vir Hom sal gee!

"*Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus*" (2 Timoteus 3:14-15).

Die Redaksiespan
Wilna Myburgh, Karin Bain, Albert Coetsee en Brahm Robinson

Inhoudsopgawe

6
Agtergrond **VAN 2 TIMOTEUS**

8
BYBELSTUDIE 1: 2 Timoteus 1:1-7
Die geliefde dienaar

12
BYBELSTUDIE 2: 2 Timoteus 1:8-12
Dienaar met vrymoedigheid

16
BYBELSTUDIE 3: 2 Timoteus 1:13-18
Getroue dienaar

18
BYBELSTUDIE 4: 2 Timoteus 2:1-7
Die kragtige dienaar

23
BYBELSTUDIE 5: 2 Timoteus 2:8-13
Die boodskap van die dienaar

24
BYBELSTUDIE 6: 2 Timoteus 2:14-21
Dienaar van waarheid

28

BYBELSTUDIE 7: 2 Timoteus 2:22-26
Moets en moenies vir die dienaar

31

BYBELSTUDIE 8: 2 Timoteus 3:1-9
Dienaars ken die tekens van die tye

34

BYBELSTUDIE 9: 2 Timoteus 3:10-17
Dienaars bly by die Bybel

37

BYBELSTUDIE 10: 2 Timoteus 4:1-5
Dienaars is verkondigers

40

BYBELSTUDIE 11: 2 Timoteus 4:6-8
Dienaars by die wenstreep

44

BYBELSTUDIE 12: 2 Timoteus 4:9-22
Dienaars is gewone mense

48

Bybelgedeeltes **UIT 2 TIMOTEUS**
LEES AL DIE TEKSGEDEELTES HIER

Merkers

'n Bybel wys watter gedeelte om te lees en hoe dit uiteengesit is.

'n Gloeilamp wys vir jou dat 'n verklaring van 'n woord of sinsnede volg.

Agtergrond VAN 2 TIMOTEUS

WIE WAS TIMOTEUS?

Timoteus was afkomstig uit Listra, die moderne Turkye. Sy pa was 'n Griek, terwyl sy ma 'n Joodse Christen was (Handelinge 16:1). Van kleins af het hy die Ou Testament geleer (2 Timoteus 1:5, 3:15). Volgens Hebreërs 13:23 was Timoteus self in die tronk gegooi en vrygelaat – waar dit was weet ons nie. Hy was nie 'n apostel nie, maar eerder 'n ouderling of 'n opsiener omdat hy voorskrifte kry oor hoe ouderlinge moet wees (1 Timoteus 3:1-7, 5:17-22). Ons kan hom beskou as 'n apostoliese verteenwoordiger, wat spesiale werk in die vroeë kerk moes doen (Titus 1:5).

PAULUS SE VERHOUDING MET TIMOTEUS

Paulus noem vir Timoteus "*my geliefde seun*" (2 Timoteus 1:2), dalk omdat hy hom na Christus gelei het gedurende sy eerste besoek aan Listra. Tydens sy tweede besoek het Paulus vir Timoteus genooi om hom op sy sendingreise te vergesel, en hy het hom ook laat besny sodat sy Griekse afkoms nie 'n hindernis vir die evangelie onder die Jode sou wees nie (Handelinge 16:3). Timoteus was by die evangelisering van Macedonië en Agaje (Handelinge 17:14-15, 18:5). Hy het vir Paulus vergesel tydens sy lang bediening in Efese (Handelinge 19:22). Hy reis saam met hom van Efese na Macedonië, na Korinte, terug na Macedonië en na klein Asië (Handelinge 20:1-6). Dit lyk of hy hom selfs al die pad na Jerusalem vergesel het. Hy was ook saam met Paulus gedurende sy eerste gevangenisneming (Filippense 1:1; Kolossense 1:1; Filemon 1).

Na Paulus se vrylating in ongeveer 62 n.C. het Timoteus weer saam gereis maar eindelik in Efese agtergebly om die probleem van valse leer daar te hanteer. Paulus het verder na Macedonië gereis. Sy agting van Timoteus word gesien wanneer hy hom as die medeskrywer van ses van sy briewe noem (2 Korintiërs, Filippense, Kolossense, 1 en 2 Tessalonisense en Filemon). Aan die einde van sy lewe vra hy vir Timoteus om weer by hom aan te sluit in Rome (2 Timoteus 4:9, 21).

SKRYWER, DATUM EN AGTERGROND VAN 2 TIMOTEUS

Na Paulus se vrylating uit die tronk in Rome, rondom 62 n.C. (Handelinge 28) en na sy vierde sendingreis is hy weer gevange geneem onder keiser Nero (66-67 n.C.). Dit was in hierdie tyd wat hy 2 Timoteus skryf. In kontras met sy eerste gevangenisskap waar hy onder huisarres was, is hy hierdie keer soos 'n krimineel in boeie vasgeketting (2 Timoteus 1:16, 2:9). Sy vriende het selfs gesukkel om uit te vind waar hy in die tronk was (2 Timoteus 1:17). Paulus het geweet sy werk is klaar en dat sy lewe amper verby is (2 Timoteus 4:6-8).

DRIE REDES WAAROM DIE BRIEF GESKRYF IS

1. Paulus was alleen. Figelus, Hermogenes en almal in die provinsie Asië het hom verlaat (2 Timoteus 4:10). Kressens, Titus en Tigikus is weg en net Lukas het oorgebly (2 Timoteus 4:10-12). Paulus wou baie graag hê dat Timoteus hom moet besoek. Timoteus was soos 'n kind vir hom en sy medewerker (Romeine 16:21), wat saam met hom gedien het (Filippense 2:22). Paulus skryf in Filippense dat hy niemand het wat só die Filippense se belange op die hart dra nie en dat hy baie betroubaar is. Paulus vra twee keer in hierdie brief dat Timoteus na hom toe sal kom (2 Timoteus 1:4, 4:9,21).
2. Paulus was bekommerd oor hoe dit in die kerke gaan terwyl hy in die tronk is en hy waarsku Timoteus om die evangelie te bewaar (2 Timoteus 1:14), om daarin vol te hou (2 Timoteus 3:14) en aan te hou om dit te verkondig (2 Timoteus 4:2) en selfs vir die evangelie te ly (2 Timoteus 1:8, 2:3).
3. Paulus wil deur Timoteus aan die gemeente in Efese skryf.

Begin nou met die Bybelstudies om te leer hoe om soos Timoteus 'n getroue dienaar vir die Here te wees!

FEITE IS VERTAAL UIT THE NIV STUDY BIBLE.

DIE GELIEFDE dienaar

LEES 2 TIMOTEUS 1:1-7

2 TIMOTEUS 1:1-2
BEKENDSTELLING: WIE DIE BRIEF SKRYF, EN AAN WIE DIT GESKRYF WORD.

2 TIMOTEUS 1:3
GERUSSTELLING DEUR PAULUS: HY SÊ VIR TIMOTEUS DAT HY DAG EN NAG VIR HOM BID.

2 TIMOTEUS 1:4-5
DIE HERINNERING DEUR PAULUS:

1:4 **HY ONTHOU TIMOTEUS SE HARTSEER**

1:5 **HY IS BEWUS VAN TIMOTEUS SE OPREGTE GELOOF**

2 TIMOTEUS 1:6-7
BEROEP OP TIMOTEUS:

1:6 **BLAAS JOU GAWE AAN**

1:7 **WEES VREESLOOS, STERK EN LIEFDEVOL**

Hierdie gedeelte is die begin van 'n brief van Paulus aan Timoteus, wat 'n "*geliefde seun*" genoem word. Terwyl Paulus in die tronk sy teregstelling afwag, skryf hy sy laaste brief aan Timoteus, die jong predikant van die groot gemeente in Efese. Die begin van die brief het 'n besondere seëngroet wat ons vandag nog gereeld hoor. Daarna herinner Paulus vir Timoteus aan sy geloof en sy diens aan ons Here.

APOSTEL: Apostel beteken letterlik gestuurde. Paulus gebruik die woord apostel om na homself te verwys as die een wat deur God gekies en gestuur is om in die buiteland die evangelie te bedien.

1. Wat beteken dit dat die lewe in Christus Jesus is? Lees Johannes 1:4 en 1 Johannes 5:11-13.

2. Hoekom noem Paulus vir Timoteus sy geliefde seun? Lees Handelinge 16:1-3.

GENADE: Die woord genade is 'n selfstandige naamwoord wat van die Griekse woord vir groete af kom. Dit beskryf die genadige goedheid wat God aan sondaars, wat dit glad nie verdien het nie, gee. Deur sy genade verwyder Hy die skuld van sonde en verlig die sondaar van die straf wat hy verdien het.

BARMHARTIGHEID: Barmhartigheid is God se hulp wat vir mismoediges en struikelaars gegee word (Hebreërs 4:16). Barmhartigheid is 'n woord wat baie verkeerd verstaan word as 'n sinoniem vir jammerte of simpatie. Dit word algemeen met 'n gevoel of 'n emosie geassosieer. Eintlik beteken die woord letterlik om saam te ly. Ware barmhartigheid behels aksie – nie net emosie nie. Dit kom daarop neer om langs iemand wat in nood is te kom met die bedoeling om sy of haar las te deel. In kort beteken dit om ander te dien. Omdat God se karakter deur barmhartigheid gedefinieer word, het Hy sy Seun gestuur om te ly saam met ons – gevalle, swak en verlore mense.

LEES EKSODUS 34:6-7

"*Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: 'Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie. Ek reken kinders en kleinkinders die sondes van hulle vaders toe selfs tot in die derde en vierde geslag.'*"

VREDE: Vrede is 'n manier van groet in Grieks net soos *Shalom* in Hebreeus. Die Grieks is *eiréne*. Dit beskryf 'n toestand van verlossing wat voortspruit uit die genade van God. Vrede verwys na 'n toestand van heelheid en harmonie tussen 'n persoon en God. Hierdie toestand vorm die basis vir stabiliteit in jou hele lewe.

3. Wat beteken dit dat genade, barmhartigheid en vrede van "*God die Vader en Christus Jesus ons Here*" kom?

4. Hoekom sê die predikant dit aan die begin van die erediens?

5. Wat is 'n gewete? Lees 1 Timoteus 1:19 en Romeine 9:1.

6. Sien Filippense 3:5. Wie was Paulus se voorouers? Indien hulle Jode was en hy 'n Christen, hoekom sê hy dat hy vir God net soos hulle met 'n skoon gewete dien?

7. Wat leer ons daaruit dat Paulus dag en nag aan Timoteus in sy gebede dink? Vergelyk Lukas 18:7, 2:37; 1 Tessalonisense 3:10.

8. Wat beteken dit as Paulus sê dat dieselfde geloof in Timoteus is, net soos "*wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was*"? Vergelyk 2 Timoteus 3:15 en 2 Petrus 1:1b.

9. Kan jy van iemand se opregte geloof oortuig wees? Hoe is jy daarvan oortuig? Lees Handelinge 16:14-15.

10. Wat is die genadegawe wat God aan Timoteus gegee het? Vergelyk 1 Timoteus 4:13-5; 2 Timoteus 2:2 en 14.

HANDE OPLÊ VAN PREDIKANTE

Dit is steeds vandag die gebruik in kerke dat iemand wat die eerste keer as predikant bevestig word, die hande opgelê word as bewys dat hy die gawe ontvang het om die Woord te bedien.

GENADEGAWE: Alle gawes word deur die Heilige Gees aan die kerk gegee. Elkeen van ons ontvang gawes. Daarom is dit so belangrik dat ons elkeen daardie gawes tot opbou van die liggaam moet gebruik. Gawes kan enigiets wees waardeur lidmate mekaar dien. Die gawes kan beter aangewend word, as ons weet wat die gebreke in die gemeente is.

11 Hoekom stel Paulus dit aan Timoteus dat die Gees ons nie lafhartig of vreesagtig maak nie? Wat moet Timoteus doen met die krag, liefde en selfbeheersing wat die Heilige Gees gee? Vergelyk antwoord 10.

12 Watter gawes het jy van die Here ontvang? Hoe gaan jy dit aanblaas?

SAMEVATTING

Daar is genade, barmhartigheid en vrede vir elkeen van God se kinders. In die lig hiervan kan ons elkeen onsself afvra of ons die Here met 'n gees van krag, liefde en selfbeheersing dien. Mag elkeen van ons ons genadegawes soos 'n vuur aanblaas sodat ons getroue dienaars van die Here kan wees.

GEBEDSRIGLYNE

- **DANK DIE HERE VIR JOU GELOOF WAT HY AS 'N GAWE UIT GENADE AAN JOU GEGEE HET.**
- **VRA DAT DIE HERE JOU – MET JOU GAWES – IN JOU GEMEENTE SAL GEBRUIK.**
- **BID DAG EN NAG VIR ANDER MENSE.**

Dienaar MET VRYMOEDIGHEID

LEES 2 TIMOTEUS 1:8-12

2 TIMOTEUS 1:8
DIE VERSOEK VAN PAULUS:
- ➔ **WEES VREESLOOS.**
- ➔ **WEES GEREED OM VIR JESUS TE LY.**

2 TIMOTEUS 1:9-10
PAULUS PRAAT OOR SY VERLOSSER:
- ➔ **HY HET ONS GEROEP TOT 'N HEILIGE LEWE SELFS VOOR DIE WÊRELD BEGIN HET.**
- ➔ **HY HET DIE DOOD OORWIN EN DIE EWIGE LEWE GEGEE.**

2 TIMOTEUS 1:11-12
DIE APOSTEL SE ROEPING, GEVANGESKAP EN VERTROUE

Paulus skryf vir Timoteus dat hy nie skaam hoef te wees vir die evangelie of vir Paulus wat in die tronk is nie. Hy herinner hom dat swaarkry sy deel sal wees as hy 'n verkondiger van die evangelie is. Uiteindelik is dit die verlossing van Christus wat elkeen vrymoedigheid gee.

1. Hoekom kon Timoteus dalk skaam wees vir die evangelie?

2. Waarom sou Timoteus dalk skaam kon wees oor Paulus wat in die tronk is?

PAULUS IN DIE TRONK

Na Paulus se vrylating uit die gevangenis in Rome in ongeveer 62 n.C. (Handelinge 28) en na sy vierde sendingreis waartydens hy 1 Timoteus en Titus geskryf het, is Paulus weer in die tronk. Dit was moontlik onder keiser Nero. Gedurende hierdie tyd skryf hy 2 Timoteus. In teenstelling met sy eerste gevangenisstraf, toe hy in 'n gehuurde huis gewoon het (Handelinge 28:30), was hy nou soos 'n misdadiger in 'n koue kelder vasgeketting. Dit was selfs moeilik om vas te stel waar hy aangehou was. Paulus het geweet dat sy werk gedoen is en dat sy lewe amper verby was.

3. Hoe het Timoteus vir die evangelie gely? (2 Timoteus 2:3) Hoe ly mense vandag vir die evangelie?

4. Wat beteken dit dat God ons geroep het en hoe roep Hy ons? Vergelyk Romeine 1:6, 8:30, 10:14-15; 2 Timoteus 1:11.

5. Wat beteken dit dat God se genade vir ons in Jesus Christus geskenk word?

6. Wat beteken dit dat daardie genade van ewigheid af aan ons geskenk is?

OPENBAAR: Alles wat ons van God kan weet, het Hy self aan ons bekend maak. Ons kan sy mag ken deur sy werke in die skepping, maar ons kan Hom besonder ken deur sy Woord. Ons lees in vers 10 dat God sy verlossing, wat Hy reeds vir die mens in ewigheid gehad het, nou in Jesus Christus aan hulle bekend gemaak het. Dit beteken dat God dit aan die mens openbaar.

7 Wat beteken dit dat God ons alleenlik op grond van sy eie besluit gered het? Lees Efesiërs 1:4, 2:8-9 en 3:11.

WAT BETEKEN HEILSORDE?

Die heilsorde is die proses wat plaasvind in die lewe van die mens onder leiding van God, waardeur die mens uiteindelik in die hemel kom. Dit beteken letterlik die pad van redding – die weg waarlangs die gelowige sondaar tot sy uiteindelike verheerliking gelei word (vergelyk Romeine 8:28-30). Dit bestaan uit die volgende dele:

- ➔ **UITVERKIESING** Efesiërs 1:4, 3:11; 2 Timoteus 1:9
- ➔ **ROEPING** Matteus 28:19, 22:14; Handelinge 13:46; Romeine 10:14-17; 1 Korintiërs 1:9,23-24
- ➔ **GELOOF** Johannes 3:16,18,36; Handelinge 10:43; Kolossense 1:23
- ➔ **BEKERING EN WEDERGEBOORTE** Johannes 3:3,7, 6:44; Filippense 2:13; 1 Petrus 1:23
- ➔ **HEILIGING** Romeine 12:1,2; Kolossense 3:1,2,5-14; 1 Korintiërs 6:20

8 Wat beteken dit om gered te wees en aan God toegewy te wees?

9 Waarom doen jy goeie werke? Lees Heidelbergse Kategismus Vraag en Antwoord 86.

10 Vers 10 is 'n opsomming van die evangelie. Vertel dit in jou eie woorde.

11 Wat is die dood? Wat beteken dit dat die mag van die dood gebreek is? Lees 1 Korintiërs 15:20-26.

12 Lees 2 Korintiërs 11:23-29. Hoe het Paulus ter wille van die evangelie gely? Watter troos gee Paulus in vers 12?

13 Hoekom is hy, ten spyte van sy lyding, steeds nie skaam vir die evangelie nie?

SAMEVATTING

Het jy dalk al gesê of gedink dat jy te skaam is om mense tereg te wys in 'n geselskap? Of dalk voel jy, jy het te min kennis om die evangelie te verkondig? Jy kan verseker wees dat vrymoedigheid vir die verkondiging van die evangelie op die werk van Christus rus. Jy hoef nooit skaam of bang te wees om op te staan en die wil van die Here te verkondig nie. Al gaan mense jou uitlag of selfs vervolg, is dit hoe 'n vrymoedige dienaar optree.

GEBEDSRIGLYNE

- ➔ **BID DAT JY GOD SE VERLOSSINGSWERK IN JOU LEWE AL HOE MEER SAL BEGRYP.**
- ➔ **DANK DIE HERE VIR SY GROOT GENADE VIR JOU AS SONDAAR.**
- ➔ **VRA HOM OM JOU IN ALLE OMSTANDIGHEDE VRYMOEDIGHEID TE GEE.**

GETROUE dienaar

LEES 2 TIMOTEUS 1:13-18

2 TIMOTEUS 1:13-14
DIE VERSOEK VAN PAULUS OM DIE WAARHEID VAN DIE SKRIF TE BEWAAR
2 TIMOTEUS 1:15
MENSE WAT PAULUS IN DIE STEEK GELAAT HET
2 TIMOTEUS 1:16-18
MENSE WAT PAULUS AANHOU BEDIEN HET

Paulus is alleen en hy vertel van mense wat hom in die steek gelaat het, en ook van mense wat hom getrou ondersteun het. Ons lees dat hy vir barmhartigheid en seën bid vir die huis van Onesiforus wat hom in Rome gaan soek het om hom op te beur.

1. Hoe weet jy of die woorde wat iemand preek nagevolg moet word? Vergelyk Matteus 7:15 en 24:11; 1 Timoteus 1:11; 2 Timoteus 2:2.

2. Hoekom woon die Heilige Gees in jou? Lees Johannes 14:16; 1 Korintiërs 3:16; Efesiërs 1:13b-14.

3. Hoe kan jy die goeie wat aan jou toevertrou is deur die Heilige Gees bewaar? Vergelyk 1 Timoteus 1:18; 1 Johannes 2:20, 14:26.

4. Hoe laat dit Paulus voel as gelowiges in Asië hom in die steek laat? Vergelyk 2 Timoteus 1:8, 2:16b; 2 Korintiërs 11:28-29.

FIGELUS EN HERMOGENES

Die name van dié persone was bekend in die kerke van destyds. Dit is duidelik dat Timoteus hierdie manne goed geken het. Heel moontlik was hulle leiers in die kerk en het Paulus juis in sy omstandighede op hul hulp en ondersteuning gereken. Ons weet nie veel meer oor hulle nie.

5 Op watter manier kan medegelowiges jou in die steek laat of het hulle jou al in die steek gelaat?

6 Hoe moet jy dit hanteer wanneer medegelowiges jou in die steek laat?

7 Wat lees ons van Onesiforus se houding teenoor Paulus in verse 16b tot 18?

8 Hoekom is dit nodig dat die Here deur Onesiforus vir Paulus moes opbeur?

Paulus se bede in vers 16 is dat die Here aan Onesiforus se huisgesin barmhartigheid bewys. Ook in vers 18 is sy bede dat die Here moet gee dat hy ontferming mag vind by die Here op die dag van die wederkoms. Paulus kan niks vir Onesiforus gee nie, maar hy kan wel vir hom bid.

9 Hoe kan jy ander gelowiges opbeur? Vergelyk Romeine 1:10-12.

10 Hoe kan en moet jy mede-gelowiges bedien wat martelare vir die geloof is?

SAMEVATTING

Ons word saam met Timoteus opgeroep om die waarheid van die evangelie te bewaar en om getroue dienaars te wees. Die bediening aan mense wat ly vir hulle geloof is 'n belangrike diens van getrouheid. Hierdie diens begin met volhardende gebed.

GEBEDSRIGLYNE

- ➔ **VRA DAT DIE HERE JOU GETROU SAL MAAK IN JOU DIENSWERK.**
- ➔ **VRA HOM OM JOU TE WYS HOE JY MEDEGELOWIGES KAN ONDERSTEUN.**
- ➔ **BID VIR GELOWIGES WAT VERVOLG WORD WEENS HUL GELOOF.**



DIE KRAGTIGE dienaar

LEES 2 TIMOTEUS 2:1-7

PAULUS VERGELYK DIE BEDIENING MET VIER ANDER BEROEPE:
2 TIMOTEUS 2:1-2
ONDERWYSER
2 TIMOTEUS 2:3-4
SOLDAAT
2 TIMOTEUS 2:5
ATLEET
2 TIMOTEUS 2:6-7
BOER

Paulus skryf aan Timoteus om sterk te wees en om mense te kry wat sal help om die evangelie aan ander te leer. 'n Dienaar wat sterk is wanneer hy swaar kry word vergelyk met ander beroepe waar volharding nodig is.

1. Hoe moet ons sterk wees deur die genade wat ons in Christus Jesus het? Vergelyk Efesiërs 6:10.

2. Wat is die opdrag aan Timoteus in vers 2? Vergelyk Matteus 28:19.

3. Hoe is jy besig om hierdie opdrag na te kom? Hoe kan en moet jy meer gehoorsaam hierin wees?

SWAARKRY VIR CHRISTUS

Net soos Paulus in boeie is, moet Timoteus besef dat hy swaar gaan kry in sy navolging van die Here Jesus Christus.

4 Watter verdrukking beleef gelowiges dikwels?

5 Watter drie beroepe gebruik Paulus in verse 3 tot 6 om die bediening mee te vergelyk?

SOLDAAT IN AKTIEWE DIENS

Elke soldaat wat in die Romeinse leër gedien het moes swaarkry verduur. Daar was van die Romeinse soldaat verwag om sy oë net op een ding te hou: die diens aan sy bevelvoerder. Hy was nie toegelaat om te trou nie en kon ook nie landbou, handel of vervaardiging doen nie. Hy was net 'n soldaat. Die beeld dui op die eenvoud van die doel wat die sterk dienaar van Jesus Christus kenmerk. Hy mag nie werk doen wat die gehalte van sy dienswerk negatief sal beïnvloed nie. Dit is wat Paulus in hierdie teksvers aan Timoteus voorstel.

6 Wat beteken dit om 'n soldaat met Jesus as jou bevelvoerder te wees? Vergelyk 2 Korintiërs 10:3-5; Efesiërs 6:10-17.

'N ATLEET WAT AAN 'N WEDSTRYD DEELNEEM

Jy kan net die beloning in kompetisies van hardloop, spring, boks of stoei kry as jy aan die voorgeskrewe reëls voldoen. Jy moet hard werk met die nodige oefening en in die wedstryde deelneem. Sommige mense glo dat Paulus verwys na hierdie reëls van die speletjies as hy in 1 Korintiërs 9:26 sê: "*Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie.*" Dit wil sê: Ek ken al die reëls van die wedloop, en ek weet waarmee ek besig is.

7 Wat is die prys as ons soos atlete vir Jesus is? Lees 1 Korintiërs 9:24-27.

DIE EERSTE DEEL VAN DIE OES VIR DIE BOER

Paulus het die beeld van die boer gebruik om te wys dat die een wat hard werk die eerste aanspraak op die opbrengs van die werk het. Die uitdrukking "*die eerste deel van die oes te kry*" (2 Timoteus 2:6) is nie 'n beroep op 'n ywerige werker om voldoende salaris te ontvang nie. Dit beloof 'n geestelike beloning van God vir toegewyde werk. Die tyd van hierdie beloning kan óf in hierdie lewe óf by die laaste oordeel wees. Die beloning kan bestaan uit eer en erkenning van die Here of 'n goddelike goedkeuring en seën deur God.

8 Wat beteken dit dat Paulus na die roeping van 'n gelowige as hard en moeilik verwys? Vergelyk Romeine 16:6, 12; 1 Korintiërs 15:10; Galasiërs 4:11.

9 Hoekom sê Paulus vir Timoteus in vers 7 dat hy alles deeglik moet oordink wat hy aan hom gesê het? Dink veral aan sy omstandighede en aan die beloning aan die einde van sy lewe.

10 Hoe ontvang ons insig van die Here oor wat Hy ons in sy Woord leer? Lees Johannes 14:16-17, 26.

SAMEVATTING

Gelowiges word aangespoor om hulle deel van die ontberings te dra. Na oorlog, kom daar oorwinning, na oefening kom daar 'n prys en na die harde werk van boerdery kom daar 'n oes. Hoe sterk is jy?

GEBEDSRIGLYNE

➔ VRA DAT DIE HERE MENSE OOR JOU PAD SAL STUUR WAT JOU IN DIE GELOOF KAN OPBOU.
➔ BID DAT DIE HERE JOU SAL GEBRUIK IN SY KONINKRYK EN DAT JY HARD DAARIN SAL VOLHARD.
➔ VRA DAT HY JOU AL MEER SAL LEI TOT DIEPER INSIG DEUR SY WOORD.

BOODSKAP VAN DIE *dienaar*

LEES 2 TIMOTEUS 2:8-13

2 TIMOTEUS 2:8-9A
GOD SE BOODSKAPPER IS VASGEKETTING
2 TIMOTEUS 2:9B-10
GOD SE BOODSKAP KAN NIE VASGEKETTING WORD NIE
2 TIMOTEUS 2:11-13
DIE UITEINDE VAN 'N LEWE MET OF SONDER GELOOF

Paulus is in die tronk vasgeketting. Daarteenoor staan die Woord van God wat nie ingeperk of vasgeketting kan word nie. Die evangelie word verkondig ter wille van die uitverkorenes wat ewige heerlikheid sal ontvang. Hierdie waarheid maak die lyding wat Paulus moet verduur die moeite werd.

1. Hoekom is die feit dat Jesus uit die dood opgestaan het so belangrik? Lees 1 Korintiërs 15:1-8, 12-19.

JESUS SE OPSTANDING

Die vermelding dat Christus 'n nakomeling van Dawid is, toon dat Christus aan die Messiaanse vereistes voldoen het. Dit wys dat Hy die erfgenaam van die heerlike beloftes van God aan Dawid is. As die Messias sit Hy nou in heerlikheid op sy hemelse troon en sal Hy weer kom om oor hierdie wêreld te regeer (Hebreërs 1:3, 10:12-13). Paulus het Christus voorgehou as die vervulling van God se belofte. Timoteus is die verkondiger van 'n evangelie wat in die verlede geanker is en wat optimisties na die toekoms kyk as gevolg van Jesus se opstanding.

2. Hoekom voeg Paulus by dat dit die evangelie is wat hy verkondig? Lees Handelinge 17:18; Galasiërs 1:6-7; 2 Korintiërs 11:4.

3. Hoekom is Paulus as 'n misdadiger gesien? Lees Matteus 5:11; Johannes 7:7; 1 Johannes 3:13-14; 1 Tessalonissense 3:4; 2 Timoteus 3:12.

4. Wat beteken dit dat die Woord van God nie gebind kan word nie? Vergelyk 2 Korintiërs 1:22; Efesiërs 3:16-17; Romeine 5:5.

5. Wat leer jy uit die gedeelte oor die wyse waarop God sy evangelie versprei? Lees Filippense 1:12-18; 2 Korintiërs 12:10.

6. Hoekom verduur Paulus lyding ter wille van die kerk? Vergelyk Handelinge 13:48; Kolossense 1:24-25; Romeine 10:14-15.

VERDRUKKING VAN PAULUS

Verdrukking is wanneer jy ly en dit regtig met jou sleg gaan. Paulus is gestenig, vervolg, uitgelag, weggejaag en toe is hy geboei. Dit alles gebeur met hom omdat hy die evangelie verkondig.

7 Wat beketen dit as iets 'n betroubare woord is? Hoekom is God se Woord betroubaar? Lees Hebreërs 6:13-18.

BETROUBARE WOORD

Die formule of uitdrukking, betroubare woord, kom vyf keer in die pastorale briewe voor (1 Timoteus 1:15, 3:1, 4:9; 2 Timoteus 2:11 en Titus 3:8). Elke keer as hierdie uitdrukking gebruik word wys dit op iets wat deur alle gelowiges aanvaar is en wat diep gekoester word. Meestal dui dit 'n deel van die mens se verlossing aan. Dit is ook die uitdrukking wat die engel gebruik in Openbaring 22:6 om aandag op die inhoud van die boek te fokus.

8 Wat beteken dit dat ons saam met Christus gesterf en opgestaan het? Lees Romeine 8:10, 6:1-11; 2 Korintiërs 13:5; Kolossense 1:27, 2:12 en Efesiërs 2:6.

9 Hoe verloën iemand Jesus Christus en wat sal gebeur as ons Hom verloën? Lees Matteus 10:33.

10 Praat Paulus hier van 'n tydelike verloëning of 'n ewige verloëning? Lees Lukas 22:54-62 en Handelinge 1:15-19.

11 Wat beteken dit dat Christus getrou bly? Watter troos kry ons daaruit dat Christus nie Homself sal verloën nie? Lees Titus 1:2; Romeine 3:3-4; 8:35-39 en 1 Johannes 5:13.

SAMEVATTING

Na hierdie Bybelstudie moet jy jouself vra of jy saam met Christus lewe, in die geloof volhard en Hom nooit verloën nie. Al wys jou antwoorde hierop dat jy ontrou is, weet dat God altyd getrou is en dat sy Woord vas en seker is.

GEBEDSRIGLYNE

- ➔ **DANK DIE HERE DAT JY DIE BOODSKAP VAN CHRISTUS GLO.**
- ➔ **LOOF HOM VIR DIE WAARHEID EN DIE BETROUBAARHEID VAN SY WOORD.**
- ➔ **DANK HOM OOK DAT HY AAN JOU DIE EWIGE LEWE GEE.**

Dienaar VAN WAARHEID

Paulus het Timoteus versoek om die lyding met moed en toewyding te verduur. In hierdie gedeelte fokus hy op die dwaalleer wat dreig. Paulus het Timoteus oor die valse leraars en hul valse leer gewaarsku. Hy wou hê dat Timoteus die leiding moet neem om hulle en hul onderrig teë te staan. Hy het 'n woord van bemoediging aan die gemeente gerig en hulle herinner aan die beskermende liefde van God. Verder het hy 'n bevel gegee om hulle van die bose af te skei.

LEES 2 TIMOTEUS 2:14-21

TIMOTEUS SE PLIGTE AS PASTOOR

2 TIMOTEUS 2:14A
HERINNER DIE MENSE AAN DIE WAARHEDE IN DIE SKRIF

2 TIMOTEUS 2:14B
WAARSKU HULLE TEEN ONNODIGE ARGUMENTE

2 TIMOTEUS 2:15
STREWE DAARNA OM 'N WERKER TE WEES WAT DIE GOEDKEURING VAN GOD DRA

2 TIMOTEUS 2:16-19
VOORBEELDE EN VALSHEDE VAN GODDELOSE PRAATJIES

2 TIMOTEUS 2:20-21
GEE JOUSELF AS 'N REIN INSTRUMENT IN GOD SE HAND

1. Waaroor moet gelowiges mekaar vermaan? Vergelyk Jeremia 11:6-7; Filippense 4:2; Titus 2:6.

2. Hoe moet gelowiges mekaar ernstig voor God vermaan? Lees 1 Timoteus 5:1-2.

VERMAAN: Om iemand in liefde, of op 'n mooi wyse, reg te help.

3. Hoe kan jy weet of 'n stryery net oor woorde ontstaan en of dit werklik belangrik is? Vergelyk 1 Timoteus 6:3-4.

4. Watter twee gevolge is daar oor 'n stryery oor woorde?

VERKONDIGER VAN DIE WOORD

Paulus leer vir Timoteus drie dinge in vers 15 oor sy werk as 'n verkondiger van die Woord:
1. Dit moet sy hoogste ambisie wees om God se goedkeuring te kry in die wyse waarop hy die Woord verkondig.
2. Hy moet 'n werker wees wat geen rede het om homself te skaam nie. Die woord werker word gereeld gebruik as verwysing na 'n landbou-arbeider, maar hier gebruik Paulus die woord om 'n arbeider vir God te beskryf. Timoteus moet ywerig werk sodat hy nie skaam is oor die gehalte van sy werk nie.
3. Hy moet die boodskap van die waarheid reg verkondig en dit nie verdraai nie. Die Ou Vertaling stel dit mooi dat hy die woord van waarheid reg moet sny.

5 Paulus waarsku vir Timoteus om sinlose praatjies te vermy. Noem 'n paar dinge wat vandag oor gepraat word, wat niks anders as sinnelose praatjies is nie.

6 Wat beteken dit dat die praatjies voortvreet soos kanker? Aan wat vreet die praatjies in die kerk? Vergelyk 1 Timoteus 6:20; Judas 1:19-20.

KANKER OF GANGREEN

Ander vertalings dui die woord meer spesifiek as gangreen aan (vers 17). Gangreen is die gelokaliseerde dood en ontbinding van liggaamsweefsel, wat gebeur as gevolg van belemmerde sirkulasie of bakteriële infeksie. Dit versprei in so 'n mate dat liggaamsdele heeltemal kan afsterf en dan verwyder moet word.

7 Wat leer ons uit die feit dat Paulus die dwaalleraars op die naam noem? Vergelyk 1 Timoteus 1:20, 4:1 en 2 Timoteus 4:3, 10, 14.

8 Watter troos is daar dat die fondament van die huis wat God gelê het, die woorde op het: "*Die Here ken die wat aan Hom behoort*"? Vergelyk Romeine 14:8; 1 Johannes 3:1; Heidelbergse Kategismus Sondag 1.

9 Wat beteken dit dat daar verskillende voorwerpe in die huis van God is? Lees 1 Korintiërs 12:27-28a en Galasiërs 5:13.

INSTRUMENTE IN GOD SE HANDE

Paulus gee drie bemoedigende woorde oor die instrumente in God se hande (vers 21). Eerstens dat die persoon geheilig is. Dit beteken dat hy afgesonder is vir die spesifieke doel voor God. Tweedens dat hy bruikbaar vir sy Meester is. Derdens dat hy voorberei is vir elke goeie werk. Hy sal gereed wees om enigiets te doen waarvoor die Here hom roep.

10 Wat beteken dit om tot eer van God te lewe? Vergelyk Romeine 11:36; Psalm 23:3.

11 Hoe moet ek myself reinig van die kwaad sodat ek vir die Here bruikbaar kan wees? Vergelyk Klaagliedere 5:21; Handelinge 3:19.

12 Wat is die goeie werke waartoe ek deur die Here voorberei is? Vergelyk Openbaring 19:8; Titus 3:8; Kolossense 3:23.

SAMEVATTING

Ons vermaan medegelowiges met dié wete dat ons nie redding verdien nie, net so sondig is en dat ons in dieselfde strik kan trap. Die bediening van die waarheid kan daarom nooit sonder die liefde nie. Wanneer jy mense wil vermaan of wil stry moet jy onderskeidingsvermoë hê om te kan weet watter praatjies sinneloos is en watter tot opbou van die gemeente en jou eie geloof is.

GEBEDSRIGLYNE

- **BID DAT JY IN DIE GEMEENSKAP VAN DIE GELOWIGES ANDER SAL VERMAAN, EN AANVAAR AS IEMAND JOU VERMAAN.**
- **BID DAT JY SAL KAN RAAKSIEN WANNEER PRAATJIES NIE DIE GELOOF OPBOU NIE.**
- **BID DAT DIE HERE JOU SAL BEKEER EN VORM OM JOU BRUIKBAAR IN SY HUIS TE MAAK.**

MOETS & MOENIES VIR DIE *dienaar*

LEES 2 TIMOTEUS 2:22-26

DIE MOETS EN MOENIES VAN 'N DIENAAR VAN DIE HERE

In 2 Timoteus 2:22-26 gaan Paulus voort om vir Timoteus te verduidelik wat verwag word van 'n dienaar van die Here. In hierdie gedeelte beskryf hy deurlopend twee teenpole: hoe 'n dienaar van die Here moet wees, en hoe 'n dienaar van die Here nie moet wees nie. Ons kan sê dat ons in hierdie gedeelte die moets en moenies van 'n dienaar van die Here hoor! Kom ons bestudeer die gedeelte om te sien wat die Here van elkeen van ons as sy dienaars verwag.

1. Maak 'n lys van tipiese begeertes wat 'n jongmens in gevaar bring.

2. Gee praktiese voorstelle vir hoe ons hierdie begeertes kan vermy of daarvan kan wegvlug.

VERMY BEGEERTES

Om die begeertes wat 'n jongmens in gevaar bring te vermy, beteken letterlik om daarvoor te vlug. Ons moet niks met hierdie dinge te doen wil hê nie. As hierdie begeertes skielik na vore kom, moet ons nie daarteen probeer stry nie. Ons moet eenvoudig so vinnig as moontlik daarvan wegkom! Ons moet hardloop as ons die eerste teken van gevaar sien.

3. Watter positiewe dinge word jongmense beveel om na te streef?

DIENAAR SAAM MET ANDER

Ons lewe in 'n baie individualistiese tyd. Baie gelowiges leef eintlik maar net vir hulleself. Ons vergeet vinnig dat ons almal saam deel vorm van die kerk, en dat ons geroep is om mekaar te help, te bemoedig en te leer. Paulus herinner ons hieraan as hy vir Timoteus skryf dat hy moet streef na Christelike eienskappe "*saam met almal wat uit 'n rein hart die Here aanroep*". Timoteus moes – soos ons ook moet – saam met ander gelowiges streef na Christelike eienskappe. Ons moet leer uit medegelowiges se voorbeeld, en hulle weer aanmoedig.

4. Gee voorbeelde van dwase en sinlose strydvrae waarmee ons onsself soms besig hou.

DWASE EN SINLOSE STRYDVRAE: Dit verwys na onbelangrike, tegniese sake waaroor party mense in Paulus se tyd (byvoorbeeld sommige Jode en dwaalleraars) lief was om te stry. Dit sluit byvoorbeeld eindelose geslagsregisters, tegniese interpretasies van die wet en sinnelose praatjies in (sien 1 Timoteus 1:4; 2 Timoteus 2:16; Titus 3:9). Hierdie dinge is alles kantlynsake, en mis die kern van die evangelie, naamlik God se liefde en genade in Christus.



5 Wat kan ons doen om te keer dat ons rusie veroorsaak?

6 Gee praktiese voorstelle vir hoe ons teenoor almal vriendelik kan wees.

7 Wat dink jy moet 'n dienaar van die Here veral vir ander mense kan leer?

8 Hoekom moet 'n dienaar van die Here juis iemand wees wat onreg kan verdra?

9 Wat is die grootste rede hoekom ons mense tereg moet wys volgens vers 25-26?

10 Wat is tipiese dinge waarmee die duiwel iemand gevange hou om sy wil te gehoorsaam?

VANGSTRIK VAN DIE DUIWEL: Dit verwys na enigiets wat die duiwel gebruik om ons aandag van God af te trek (sien ook 1 Timoteus 3:6; 4:1). In 2 Timoteus 2 verwys dit waarskynlik na die dwaalleer wat valse leraars verkondig het.

SAMEVATTING

Ons kan 2 Timoteus 2:22-26 kortliks opsom deur te sê dat ons hier hoor dat ons moet wegvlug van alles wat ons aandag aftrek van Christus (soos begeertes, dwase en sinlose strydvrae, rusie). Ons moet al ons energie inspan om God te eer (deur te groei in Christelike eienskappe, vriendelik te wees teenoor almal, ander van Hom te leer, onreg te verdra en ander tereg te wys sodat hulle tot bekering kan kom). Mag ons as dienaars van die Here dit werklik doen!

GEBEDSRIGLYNE

- ➔ **BID DAT DIE HERE JOU ONDERSKEIDINGSVERMOË SAL GEE OM TE KAN ONDERSKEI TUSSEN DINGE WAT HOM EER EN DINGE WAT JOU AANDAG VAN CHRISTUS AFTREK.**
- ➔ **BID DAT DIE HEILIGE GEES JOU SAL LEI OM GEESTELIK AL HOE MEER TE GROEI.**



Dienaars KEN DIE TEKENS VAN DIE TYE

LEES 2 TIMOTEUS 3:1-9

2 TIMOTEUS 3:1-5A
HOE MENSE IN DIE LAASTE DAE SAL WEES

2 TIMOTEUS 3:5B
GELOWIGES SE OPDRAG: BLY WEG VAN SULKE MENSE AF!

2 TIMOTEUS 3:6-7
VERDERE BESKRYWING VAN HOE HIERDIE MENSE SAL WEES

2 TIMOTEUS 3:8
'N VOORBEELD VAN HIERDIE MENSE UIT DIE TYD VAN MOSES

2 TIMOTEUS 3:9
GELOWIGES SE TROOS: HULLE SAL NIE VER KOM NIE

Die Bybel beskryf dat mense se afvalligheid en die vervolging van die kerk sal vererger hoe nader ons aan die wederkoms van Christus kom. In 2 Timoteus 3:1-9 beskryf Paulus vir Timoteus hoe erg die tyd voor Christus se wederkoms sal wees. Hy beskryf veral hoe goddelose mense sal optree. Wat 'n skok om baie van hierdie dinge in die wêreld rondom ons te sien! Waarskynlik sal elke generasie gelowiges deur die eeue kan getuig van hierdie dinge in hul leeftyd. Nietemin moet ons dit sien as tekens van die tye. Dit moet ons waaksaam en opgewonde maak vir Christus se wederkoms.

1. Hoekom sal die laaste dae juis vir gelowiges swaar wees?

DIE LAASTE DAE: Die Nuwe Testament verwys na die tydperk tussen Christus se hemelvaart en sy wederkoms as die laaste dae (sien 1 Korintiërs 10:11; 1 Petrus 1:20; Hebreërs 1:2). Ons leef nou in die laaste dae. Die Nuwe Testament verwys ook na die laaste dae as die tyd kort voor Christus se wederkoms. Dit is waarskynlik hoe Paulus dit in 2 Timoteus 3:1 bedoel.

2. Maak 'n lys van hoe mense volgens ons Skrifgedeelte in die laaste dae sal wees.

3. Gee voorbeelde van hierdie gedrag in die wêreld rondom jou.

4. Gee voorbeelde van waar mense eerder liefde vir genot het as vir God.

5. Wat word bedoel met *"hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê"* (2 Timoteus 3:5)?

6. Wat is die krag van die godsdiens? Waaroor gaan ons godsdiens ten diepste?

7. Ons opdrag is om weg te bly van hierdie mense af. Beteken dit dan dat ons nie die evangelie aan hulle moet verkondig nie? Hoe moet ons hierdie opdrag verstaan?

VERMY DIE GODDELOSE

Wanneer jy evangelisasie doen moet jy versigtig wees. Ons het wel 'n opdrag om die evangelie te verkondig, maar ons moet bewus wees daarvan dat ons maklik in ons denke en optrede deur goddelose mense beïnvloed kan word.

LIGGELOWIGE VROUE: Waarskynlik verwys Paulus na vroue wat bewus was van hulle sonde, maar op die verkeerde plekke na verlossing gesoek het. Hulle was gevolglik die maklike prooi van valse leraars, wat hulle met allerhande dwaalleer mislei het.



WIE WAS JANNES EN JAMBRES?

Volgens Joodse legende is dit die name van die towenaars wat Moses teengestaan het in die boek Eksodus, en selfs van die wonderwerke kon doen wat Aäron gedoen het (sien Eksodus 7:11-12). Die Ou Testament gee nie hierdie towenaars se name nie. Paulus maak melding van hulle om Timoteus teen dwaalleraars te waarsku.

8 Wat beteken dit om jou teen die waarheid te verset?

9 Met watter troos eindig vers 9?

SAMEVATTING

Die optrede van goddelose mense in die laaste dae sal inderdaad verskriklik wees, maar as gelowiges het ons die troos dat hulle nie suksesvol sal wees nie. God is en bly in beheer. Hy bestuur alle dinge. Wat 'n troos, en wat 'n versekering!

GEBEDSRIGLYNE

- ➔ **DANK GOD DAT HY JOU DEUR SY SEUN GERED HET.**
- ➔ **BID DAT DIEGENE WAT HOM NOG NIE KEN NIE TOT BEKERING MAG KOM.**
- ➔ **VRA DIE HEILIGE GEES OM JOU TE HELP OM TE VOLHARD TOT EN MET DIE WEDERKOMS.**

Dienaars BLY BY DIE BYBEL

LEES 2 TIMOTEUS 3:10-17

2 TIMOTEUS 3:10-13 PAULUS EN TIMOTEUS SE OMSTANDIGHEDE
3:10-11 TIMOTEUS DEEL SAAM MET PAULUS IN DIE GOEIE EN DIE SLEGTE
3:12-13 GELOWIGES SAL VERVOLG WORD, TERWYL ONGELOWIGES VAN KWAAD TOT ERGER SAL VOORTGAAN
2 TIMOTEUS 3:14-17 DIE BYBEL
3:14-15A TIMOTEUS MOET BLY BY DIT WAT HY OOR DIE BYBEL GELEER IS
3:15A DIE BYBEL LEER ONS VAN VERLOSSING DEUR CHRISTUS
3:16A DIE HELE BYBEL IS DEUR GOD GEÏNSPIREER
3:16B-17 DIE BYBEL SE VIERVOUDIGE NUT

In die vorige gedeelte het Paulus 'n donker prentjie geskets oor hoe ongelowige mense in die laaste dae sal optree. In 2 Timoteus 3:10-17 beveel hy Timoteus om te midde van moeilike omstandighede in hierdie ongelowige wêreld te bly by dit wat die Bybel leer. Die Bybel, skryf Paulus, is deur God self geïnspireer, en het groot waarde. Hierdie gedeelte herinner ons weer dat ons moet bly by dit wat die Bybel – die Woord van God – leer.

1. Watter mooi eienskappe van Paulus het Timoteus volgens vers 10 tot 11 nageboots?

2. Watter van hierdie eienskappe sal jy graag in jou eie lewe wil sien? Wat kan jy doen om dit te verseker?

DIE VERVOLGING VAN PAULUS

Paulus is dikwels vervolg omdat hy die evangelie verkondig het. Vir 'n treffende opsomming van die swaarkry wat Paulus vir die evangelie moes verdra, lees 2 Korintiërs 11:23-29.

3. Watter eerlike waarskuwing kry ons in vers 12?

4. In die lig van jou vorige antwoord, hoe moet ons vervolging (of die gebrek daaraan) in ons lewens verstaan?

WAAR PAS SWAARKRY IN?

Moet nooit dink dat swaarkry wys dat jy nie 'n kind van God is nie. Swaarkry as 'n toegewyde gelowige bewys juis dat jy 'n kind van God is!

5. Van watter tragiese feit lees ons in vers 13? Hoekom is dit so?

6. Paulus beveel Timoteus om te bly by wat hy geleer het. Hoe moet ons dit doen?

7. Hoe kan ons seker wees dat dit wat ons geleer is, waar is? Of om dit anders te vra: Hoe kan ons seker wees dat ons moet bly by wat ons geleer is?

8. Wat is die doel van die Bybel volgens vers 15?

DIE DOEL VAN DIE BYBEL

Ons dink dikwels dat die Bybel al die antwoorde op al ons vrae wil gee. Wanneer ons so dink, vergeet ons wat die doel van die Bybel is. Die Bybel is nie bedoel om vir ons 'n klomp feite of antwoorde te gee oor elke liewe ding nie. Die hoofsaaklike doel van die Bybel is om te leer wie God is, hoe ons Hom moet dien, en hoe ons gered kan word.

9 Wat beteken dit vir jou dat die hele Skrif deur God geïnspireer is?

GEÏNSPIREER: Die woord wat in 2 Timoteus 3:16 met geïnspireer vertaal word, beteken letterlik deur God geasem. Met ander woorde, dit sê dat die Bybel uit God se mond kom. Dit is deur Hom geïnspireer. God het die menslike skrywers so gelei om binne hul omstandighede te skryf wat Hy wou gehad het hulle moet skryf (sien ook 2 Petrus 1:20-21). Omdat die Bybel geïnspireer is, is dit betroubaar en gesagvol. Ons móét luister na dit wat God daarin sê, en dit doen.

10 Watter vier dinge stel die Skrif ons in staat om volgens vers 16 te doen? Wat beteken elkeen?

11 Watter troos gee vers 17 vir jou?

12 Bespreek die noodsaaklikheid van goeie Bybelkennis in die lig van hierdie verse.

SAMEVATTING

Die Bybel is deur God self geïnspireer. Mag ons daarom besef watter voorreg ons het om die Bybel in ons hande vas te hou, en om dit in ons eie taal te lees. Ons kan nie anders as om gehoorsaam te luister na dit wat God daarin sê nie.

GEBEDSRIGLYNE

- **DANK GOD DAT HY HOMSELF IN DIE BYBEL AAN ONS BEKEND MAAK.**
- **VRA DAT DIE HEILIGE GEES JOU SAL LEI OM AL HOE MEER GEHOORSAAM TE WEES AAN DIT WAT HY IN DIE BYBEL LEER.**

Dienaars IS VERKONDIGERS

In die vorige gedeelte het Paulus vir Timoteus herinner wat die Bybel is. In 2 Timoteus 4:1-5 gaan Paulus voort om vir Timoteus te beveel wat sy opdrag ten opsigte van die Bybel is: Timoteus moet die evangelie verkondig. Hy moet dit oral en altyd doen, want dít is wat mense moet hoor, al wil hulle dit nie hoor nie. Hierdie gedeelte leer ons wat die opdrag van alle dienaars van Christus is: Verkondig die evangelie oral en altyd!

LEES 2 TIMOTEUS 4:1-5

2 TIMOTEUS 4:1-2
PAULUS SE BAIE ERNSTIGE OPDRAG AAN TIMOTEUS: VERKONDIG DIE EVANGELIE!
2 TIMOTEUS 4:3-4
PAULUS SE REDE VIR HIERDIE OPDRAG: WANT ONGELOOF SAL TOENEEM.
2 TIMOTEUS 4:5
PAULUS SE OPSOMMENDE OPDRAG AAN TIMOTEUS: VERVUL JOU BEDIENING!

1. Wat wys dat Paulus in hierdie gedeelte baie ernstige opdragte aan Timoteus gee?

2. Wat lees ons sal Christus by sy wederkoms doen? Hoe laat dit jou voel?

OORDEEL: Om plegtig te besluit of iets of iemand reg of verkeerd is. Christus sal by sy wederkoms alle mense (dié wat reeds dood is en dié wat nog lewe) oordeel. Hy sal besluit of hulle ewig gered word, of ewig verlore gaan. Maak dit jou bang? Jy hoef nie bang te wees nie. Die Bybel troos jou dat elkeen wat in Christus glo, deur Hom van al sy of haar sondes gereinig is. Op die oordeelsdag sal ons voor Christus staan en dit sal lyk of ons nooit gesondig het nie – so perfek het Christus vir ons sondes betaal.

3. Wat beteken dit om vol te hou om die Woord te verkondig, tydig en ontydig?

4. Gee voorbeelde van omstandighede waar dit al vir jou moeilik was om die evangelie te verkondig.

5. Wat kan ons doen om seker te maak dat ons die evangelie tydig en ontydig sal verkondig?

6. Wat is die verskil tussen weerlê, bestraf en bemoedig?

7. Hoekom kry ons die opdrag om "*met alle geduld*" onderrig te gee?

8. Hoekom moet Timoteus volgens vers 3 tydig en ontydig die evangelie verkondig?

GESONDE LEER: Dit wat in die Bybel geleer word. Indien iemand iets verkondig wat nie in die Bybel gevind word nie, is dit nie die gesonde leer nie. Om die gesonde leer te verdra, beteken om gehoorsaam te wees aan dit wat die Bybel leer. Lees 1 Timoteus 1:10 en 2 Timoteus 1:13.

9 Gee voorbeelde uit ons samelewing waar mense hulle eie begeertes volg en leermeesters het wat net sê wat hulle graag wil hoor.

VERDIGSELS: Verdigsels is opgemaakte stories. Ons kan sommer sê dit is leuens.

10 Watter vier opdragte gee Paulus ten slotte vir Timoteus in vers 5?

NUGTER: Kalm en rustig. Om nugter te wees, is om nie deur allerhande leuens en stories mislei te word nie.

11 Wanneer is dit vir jou nodig om nugter te bly? Gee maniere hoe jy dit kan doen.

12 Hoe sal jy Paulus se samevattende opdrag aan Timoteus in vers 5 opsom?

SAMEVATTING

Te midde van 'n wêreld wat nie die evangelie wil hoor nie – en nie eens besef dat hulle die evangelie móét hoor nie – is ons opdrag: Hou aan om die evangelie te verkondig. Dit is nie altyd maklik nie. Maar dit is ons roeping, en die Here gee ons die krag om dit te doen. Wat 'n voorreg om 'n instrument in sy hand te wees wanneer ons die evangelie verkondig!

GEBEDSRIGLYNE

- ➔ **DANK GOD DAT JY AS GELOWIGE NIE DIE OORDEELSDAG HOEF TE VREES NIE, OMDAT JY DEUR CHRISTUS VAN JOU SONDE VERLOS IS.**
- ➔ **BID DAT GOD JOU DIE VRYMOEDIGHEID SAL GEE OM DIE EVANGELIE TYDIG EN ONTYDIG TE VERKONDIG.**
- ➔ **BID DAT GOD JOU DIE NODIGE WOORDE IN DIE MOND SAL LÊ WANNEER JY DIE EVANGELIE VERKONDIG.**

Dienaars
BY DIE WENSTREEP

In die vorige gedeeltes het Paulus baie dringende opdragte aan Timoteus gegee. In hierdie gedeelte word die rede daarvoor verduidelik: Paulus weet dat hy binnekort gaan sterf. Hy sit in die tronk omdat hy die evangelie verkondig het, en besef dat hy hierdie keer tereggestel gaan word. Hoe verskriklik moet dit nie wees om te weet jy gaan sterwe nie! Maar wat doen Paulus? Hy beskryf sy dood wat voorlê in positiewe terme, en sien uit na die ewige lewe by God. Is dit nie iets wat elke Christen moet kan sê nie?

LEES 2 TIMOTEUS 4:6-8

2 TIMOTEUS 4-6-7
PAULUS BESKRYF SY NADERENDE DOOD
2 TIMOTEUS 4:8
PAULUS SIEN UIT NA DIE EWIGE LEWE BY GOD

1. Is jy bang om dood te gaan? Hoekom, of hoekom nie?

2. Wat maak dit duidelik dat Paulus geweet het dat hy binnekort gaan sterf?

DANKOFFER: Dit is 'n offer in die Ou Testament waar wyn teen die altaar uitgegiet is (sien Numeri 15:5-10 en Filippense 2:17). As Paulus skryf dat sy lewe as drankoffer uitgegiet word, sê hy twee dinge:
1. Soos die wyn wat uitgegooi word teen die altaar uiteindelik in die grond verdwyn, so weet Paulus is sy lewe besig om te verdwyn. Hy gaan binnekort sterwe.
2. Paulus beskryf sy lewe én sterwe as 'n offer aan die Here; selfs sy dood wat voorlê is iets waarmee Hy die Here wil verheerlik.

3. Bespreek dié stelling van Paulus: "*ek word alreeds as 'n drankoffer uitgegiet.*"

WEDLOOP: 'n Resies. Die Nuwe Testament beskryf 'n gelowige se lewe as 'n wedloop (sien Hebreërs 12:1-3; Filippense 3:12-14). Elkeen wat in Christus glo, is besig met hierdie wedloop. In hierdie wedloop gaan dit nie daaroor om die vinnigste te hardloop of om eerste te kom nie. Die wedloop is lank en soms moeilik. Wat ons moet doen, is om die wedloop klaar te maak. Wat ons nodig het om dit te doen, is volharding. Die dag wat ons sterf kom ons by die wenstreep aan.

4 Waarna verwys die goeie wedloop?

5 Lees weer vers 7. Watter eienskap het elke gelowige nodig wat deelneem aan die geloofswedloop? Lees ook Hebreërs 12:2 en Filippense 3:14.

6 Paulus weet dat hy gaan sterf. Maar waarvan is hy seker in vers 8?

7 Wat bedoel Paulus as hy sê dat die oorwinnaarskroon vir hom wag?

OORWINNAARSKROON: In die ou tyd het die wenner van 'n wedloop 'n blarekroon gekry. Dit het gewys dat die persoon die wedloop gewen het. In 2 Timoteus 4:8 skryf Paulus dat daar vir gelowiges 'n soortgelyke kroon wag wanneer hulle die geloofswedloop voltooi (sterf). Maar hierdie kroon is nie van blare gemaak nie. Hierdie kroon is die ewige lewe by God!

8 Waarna verwys die woorde op die dag dat Hy weer kom?

9 Hoekom word Christus die "*regverdige*" Regter genoem?

10 Watter troos het alle gelowiges volgens vers 8?

11 Wat leer ons uit hierdie verse oor wat ons perspektief oor die lewe en dood behoort te wees?

SAMEVATTING

Dit is maklik om bang te wees vir die dood, maar as gelowiges het ons 'n ander perspektief daarvan. Danksy Christus hoef ons nie meer bang te wees vir die dood nie. Die dood is nie die einde nie. Die dood is die einde van ons aardse wedloop, en die begin van ons lewe by God. Wat 'n wonderlike vooruitsig! Laat ons daarom volhard in ons wedloop tot eer van die Here.

GEBEDSRIGLYNE

- ➔ **DANK DIE HERE DAT HY ONS VREES VIR DIE DOOD VERWYDER HET.**
- ➔ **VRA DAT DIE HERE JOU SAL LEI DAT JOU AARDSE WEDLOOP WERKLIK SINVOL, EN TOT SY EER, SAL WEES.**

Dienaars IS GEWONE MENSE

LEES 2 TIMOTEUS 4:9-22

2 TIMOTEUS 4:9-13
PAULUS VRA TIMOTEUS OM GOU NA HOM TOE TE KOM

2 TIMOTEUS 4:14-15
PAULUS WAARSKU TIMOTEUS TEEN 'N SEKERE PERSOON

2 TIMOTEUS 4:16-18
PAULUS VERTEL HOE DIE HERE HOM GEHELP HET IN DIE HOF

2 TIMOTEUS 4:19-21
PAULUS STUUR GROETE AAN EN VANAF VERSKEIE MENSE

2 TIMOTEUS 4:22
SEËNGROET

Die laaste verse van Paulus se tweede brief aan Timoteus lyk of dit 'n klomp losstaande gedagtes bevat. Eintlik is dit baie belangrike verse wat vir ons die agtergrond of konteks van die brief verduidelik. In hierdie verse lees ons wat Paulus se omstandighede was.

1. Hoekom wil Paulus hê dat Timoteus so gou moontlik na hom toe moet kom? Lees ook 2 Timoteus 1:13.

2. Paulus skryf dat Demas die teenswoordige wêreld liefgekry het. Wat beteken dit?

TEENSWOORDIGE WÊRELD: Dit is die wêreldse dinge wat geen ewigheidswaarde het nie. Die wêreld om ons fokus nie op Christus nie. Hierdie kan dui op rykdom. Sien ook 1 Timoteus 6:17.

3. Hoekom kon Markus vir Paulus tot groot diens wees?

DIE VERHOUDING TUSSEN PAULUS EN MARKUS

Johannes Markus was saam Paulus en Barnabas op die eerste sendingreis, maar hy het hulle in die middel daarvan verlaat (sien Handelinge 13:13). Toe Paulus en Barnabas se tweede sendingreis begin, wou Barnabas vir Markus saamvat, maar Paulus het geweier. Paulus en Barnabas se paaie het geskei. Dit lyk tog of Paulus en Markus se verhouding later herstel het. Markus het by Paulus aangesluit en hom gehelp, en Paulus het hom aanbeveel om ander te help (sien Filemon 24).

PAULUS SKRYF OOR DIE ALLEDAAGSE

Dit klink vreemd dat Paulus ná al die groot dinge wat hy geskryf het oor God nou oor aardse goed soos sy reismantel en boeke skryf. Paulus wou dit baie graag gehad het vir die koue winter in die tronk wat voorlê (sien vers 21). Dit is onseker na watter boeke Paulus verwys. Dit is moontlik kopieë van die Ou Testament wat Paulus gebruik het wanneer hy briewe skryf.

4. Wat kan moontlik die rede hiervoor wees, en wat leer ons hieruit?

REISMANTEL: 'n Reismantel was soos 'n kombers met 'n gat in die middel waardeur jou kop gekom het.

5 Jesus leer dat mens die ander wang moet draai (Matteus 5:39), en dat jy jou vyand moet liefhê (Matteus 5:44). Wanneer dink jy kan jy vra dat die Here iemand vergeld vir sy dade?

ALEKSANDER VERHINDER DIE VERKONDIGING VAN DIE EVANGELIE

Paulus se wens vir vergelding is nie in die eerste plek omdat Aleksander iets teen hom persoonlik gedoen het nie, maar omdat Aleksander die verkondiging van die evangelie verhinder het. Aleksander het dus direk teen God gesondig, en Paulus vra dat die Here moet ingryp.

6 Wat leer ons uit die feit dat Paulus vir Timoteus teen Aleksander waarsku? Moet ons ook ons medegelowiges teen sekere mense waarsku?

7 Wat bid Paulus vir die gelowiges wat hom in die steek gelaat het toe hy in die hof moes verskyn? Lees ook Lukas 23:34 en Handelinge 7:60. Wat leer ons hieruit?

LYDING VIR DIE EVANGELIE

Paulus skryf nie dat die Here gelowiges altyd uit alle gevaar sal red nie. Paulus self het baie gely vir die evangelie. Meer nog, hy staan op die punt om tereggestel te word! As hy skryf dat God hom sal red van elke onheil, verwys hy na die sekerheid dat niks 'n gelowige van God se liefde in Christus kan skei nie (sien Romeine 8:38-39).

8 Wat beteken dit vir jou dat die Here jou altyd geestelik sal bewaar, al gaan jy vervolg word en swaarkry?

9 Hoekom vra Paulus vir Timoteus om sy bes te doen om voor die winter te kom?

10 Met watter woorde sluit Paulus hierdie brief af? Wat beteken dit?

SAMEVATTING

Alhoewel Paulus weet dat sy dood baie naby is, beplan hy steeds vir die toekoms. Hy dink daaraan dat Timoteus en Markus hom kan help. Hy waarsku Timoteus oor sekere persone. Hy stuur groete. Hy bely sy onwankelbare geloof in God. 'n Gelowige beplan hoe hy of sy diensbaar kan wees in die toekoms – selfs al lyk daardie toekoms onseker. Mag ons in hierdie opsig in Paulus se voetspore volg!

GEBEDSRIGLYNE

- ➔ **BID DAT GOD GELOWIGES WAT EENSAAM IS EN SWAARKRY SAL BEMOEDIG EN VERSTERK.**
- ➔ **BID DAT GOD JOU DAARVAN SAL BESKERM OM DIE TEENSWOORDIGE WÊRELD LIEF TE KRY.**
- ➔ **DANK GOD VIR DIE TROOS DAT NIKS JOU VAN SY LIEFDE IN CHRISTUS KAN SKEI NIE.**

Bybelgedeeltes

2 TIMOTEUS 1:1-7

[1]Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God, gestuur om die belofte te verkondig van die lewe in Christus Jesus. [2]Aan Timoteus, my geliefde seun. Genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader en Christus Jesus ons Here! [3]Ek dank God, wat ek net soos my voorouers met 'n skoon gewete dien, wanneer ek onophoudelik dag en nag in my gebede aan jou dink. [4]Ek onthou jou afskeidstrane en wil jou baie graag weer sien. Dit sal vir my 'n groot vreugde wees. [5]Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is. [6]Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur weer moet aanblaas. [7]Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.

2 TIMOTEUS 1:8-12

[8]Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie; en moet jou ook nie skaam vir my wat om sy ontwil 'n gevangene is nie. Inteendeel, dra jou deel van die ontberings vir die evangelie met die krag wat God jou gee. [9]Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het. [10]Hierdie genade is nou aan ons geopenbaar deur die koms van ons Verlosser, Christus Jesus: Hy het die mag van die dood gebreek en deur die evangelie die onverganklike lewe aan die lig gebring. [11]Van hierdie evangelie het Hy my aangestel as prediker en apostel en leraar. [12]Om dié rede ly ek ook hierdie dinge. Maar dit skrik my nie af nie, want ek weet op wie ek vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou.

2 TIMOTEUS 1:13-18

[13]Neem die woorde wat jy van my gehoor het, as voorbeeld van gesonde verkondiging en volg dit na in die geloof en liefde wat ons in Christus Jesus het. [14]Wat aan jou toevertrou is, is goed. Bewaar dit deur die Heilige Gees wat in ons woon. [15]Soos jy weet, het almal in die provinsie Asië my in die steek gelaat. Onder hulle is daar ook Figelus en Hermogenes. [16]Mag die Here barmhartigheid bewys aan die huisgesin van Onesiforus, want hy het my dikwels kom opbeur. Hy het hom nie daarvoor geskaam dat ek in boeie sit nie, [17]maar toe hy in Rome kom, het hy ywerig na my gesoek tot hy my gekry het. [18]Mag die Here gee dat hy by Hom ontferming vind op die dag dat Hy weer kom. En wat Onesiforus alles in Efese vir my gedoen het, weet jy self baie goed.

2 TIMOTEUS 2:1-7

[1]Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat ons in Christus Jesus het. [2]Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer. [3]Dra jou deel van die ontberings soos 'n goeie soldaat van Christus Jesus. [4]'n Soldaat in aktiewe diens wat sy bevelvoerder tevrede wil stel, bemoei hom nie met die dinge van die gewone lewe nie. [5]'n Atleet wat aan 'n wedstryd deelneem, kan die prys wen slegs as hy volgens die reëls meeding. [6]Die boer wat die harde werk doen, behoort eerste 'n deel van die oes te kry. [7]Dink na oor wat ek sê; die Here sal jou insig gee om alles te verstaan.

2 TIMOTEUS 2:8-13

[8]Onthou altyd dat Jesus Christus, 'n nakomeling van Dawid, uit die dood opgewek is. Dit is die evangelie wat ek verkondig. [9]Vir hierdie evangelie ly ek verdrukking, selfs in boeie soos 'n misdadiger, maar die woord van God kan nie geboei word nie. [10]Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat ook hulle die verlossing, wat daar in Christus Jesus is, en die ewige heerlikheid kan ontvang. [11]Dit is 'n betroubare woord: As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom lewe; [12]as ons in die geloof volhard, sal ons saam met Hom regeer; as ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën; [13]as ons ontrou is – Hy bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie.

2 TIMOTEUS 2:14-21

[14]Hou aan om die gelowiges aan hierdie dinge te herinner en vermaan hulle ernstig voor God om op te hou stry oor woorde. Dit het geen nut nie en is net skadelik vir die hoorders. [15]Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel as 'n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra, 'n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid suiwer verkondig. [16]Maar die onheilige en sinlose praatjies moet jy vermy, want dié wat dit versprei, sal nog verder in goddeloosheid verval, [17]en hulle woorde sal voortvreet soos kanker. Onder hulle is daar Himeneus en Filetus, [18]wat van die waarheid afgedwaal het deur te sê dat die opstanding alreeds plaasgevind het. Daarmee vernietig hulle die geloof van sommige. [19]Nogtans, die hegte fondament wat God gelê het, staan vas met dié woorde daarop gegraveer: "Die Here ken dié wat aan Hom behoort," en: "Elkeen wat sê dat hy aan die Here behoort, moet wegbreek van die ongeregtigheid." [20]In 'n groot huis is daar nie alleen voorwerpe van goud en silwer nie, maar ook van hout en klei. Sommige is vir besondere gebruik en ander vir die alledaagse. [21]As iemand hom van die kwaad gereinig het, sal hy 'n voorwerp vir besondere gebruik wees. Dan sal hy vir die eienaar afgesonder en bruikbaar wees, voorberei vir enige goeie diens.

2 TIMOTEUS 2:22-26

22Vermy die begeertes wat 'n jongmens in gevaar bring, en streef na opregtheid, geloof, liefde en vrede, saam met almal wat uit 'n rein hart die Here aanroep. 23Moet jou nie met dwase en sinlose strydvrae inlaat nie, want jy weet tog dat dit net rusies veroorsaak. 24'n Dienaar van die Here moenie rusie maak nie. Inteendeel, hy moet vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om ander te leer en iemand wat onreg kan dra. 25Met vriendelikheid moet hy teenstanders teregwys. Dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid bring. 26Dan sal hulle weer tot nugtere insig kom en vry raak uit die vangstrik van die duiwel, waarmee hy hulle gevange gehou het om sy wil te gehoorsaam.

2 TIMOTEUS 3:1-9

1Dít moet jy weet: in die laaste dae sal daar swaar tye kom. 2Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig; 3hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie; 4hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. 5Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie. Bly weg van sulke mense af. 6Party van hulle dring in die huise in en kry liggelowige vroue wat met sonde belaai is en deur allerlei sinlike begeertes gedryf word, in hulle mag, 7vroue wat altyd iets wil leer, maar tog nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie. 8Net soos Jannes en Jambres hulle teen Moses verset het, so verset hierdie mense hulle teen die waarheid, mense wat in die verstand verward is en in die geloof 'n mislukking. 9Maar hulle sal nie ver kom nie, omdat hulle dwaasheid vir almal duidelik sal wees, net soos dit die geval was met Jannes en Jambres.

2 TIMOTEUS 3:10-17

10Maar jy het my nagevolg in leer, lewenswandel en lewensdoel, in geloof, geduld, liefde en volharding, 11in vervolging en ontbering soos my te beurt geval het in Antiogië, Ikonium en Listra. Watter vervolging moes ek nie alles verduur nie! Maar die Here het my uit almal gered. 12Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word. 13Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger. Hulle mislei ander en word self mislei. 14Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was 15en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. 16Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, 17sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

2 TIMOTEUS 4:1-5

[1]Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus wat die lewendes en die dooies sal oordeel, ek beveel jou met die oog op sy koms en sy koningskap: [2]verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee, [3]want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor. [4]Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend. [5]Maar bly jy in alle omstandighede nugter, verdra lyding, doen jou werk as verkondiger van die evangelie, voer al die pligte van jou bediening uit.

2 TIMOTEUS 4:6-8

[6]Wat my betref, ek word alreeds as drankoffer uitgegiet. Die tyd van my dood is voor die deur. [7]Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou. [8]Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God. Op die dag dat Hy weer kom, sal die Here, die regverdige Regter, dit vir my gee, en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat met verlange uitsien na sy koms.

2 TIMOTEUS 4:9-22

[9]Probeer so gou moontlik na my toe kom, [10]want Demas het die teenswoordige wêreld liefgekry en my verlaat en na Tessalonika vertrek. Kressens is na Galasië en Titus na Dalmasië toe. [11]Net Lukas is by my. Gaan haal vir Markus en bring hom saam met jou, want hy kan my tot groot diens wees. [12]Tigikus het ek na Efese toe gestuur. [13]As jy kom, moet jy die reismantel saambring wat ek by Karpus in Troas laat bly het, en ook die boeke, veral die perkamente. [14]Aleksander, die kopersmid, het my baie kwaad aangedoen. Mag die Here hom vergeld vir wat hy gedoen het. [15]Jy moet ook vir hom op jou hoede wees, want hy het ons prediking heftig teengewerk. [16]Toe ek my die eerste keer voor die hof moes verdedig, het niemand my bygestaan nie; almal het my in die steek gelaat. Mag God hulle dit nie toereken nie! [17]Maar die Here het my bygestaan en my krag gegee, sodat deur my die prediking tot sy volle reg kon kom en al die heidennasies dit kon hoor. En ek is uit die bek van die leeu gered. [18]Die Here sal my red van elke onheil en my behoue in sy hemelse koninkryk bring. Aan Hom kom die eer toe tot in alle ewigheid! Amen. [19]Groete aan Priscilla en Akwila en aan die huisgesin van Onesiforus. [20]Erastus het in Korinte agtergebly; Trofimus het ek in Milete siek agtergelaat. [21]Doen jou bes om nog voor die winter te kom. Eubulus, Pudens, Linos, Claudia en al die broers stuur vir jou groete. Die Here sal by jou wees. [22]Die genade sal by julle wees!

As ons saam met Hom gesterf het,
sal ons ook saam met Hom lewe;
as ons in die geloof volhard,
sal ons saam met Hom regeer;
as ons Hom verloën,
sal Hy ons ook verloën;
as ons ontrou is –
Hy bly getrou:
Hy kan Homself nie verloën nie.

2 TIMOTEUS 2:8-13

Hierdie Bybelstudieboek oor 2 Timoteus bevat 12 Bybelstudies met begripsverklarings. In *Wees 'n dienaar vir die Here* gaan jy leer hoe om 'n ware dienaar van die Here te word, net soos Paulus vir Timoteus geleer het.